**Tema:** Ons is ligdraers in die wêreld.
**Skrifgedeelte:** Filippense 2:12-18

Ons is dikwels teleurgesteld, kwaad en negatief. Ons kla baie. Ons is verdeeld. Ons beleef baie korrupsie, selfsug, oneerlikheid, misdaad en geweld.

Ons wonder: “Is daar nog hoop?”, “Is daar nog mense wat reg leef?” of “Kan ’n mens nog iemand vertrou?”
En in ons wêreld vol donker bevestig God vanoggend vir ‘n tweede Sondag na mekaar vir ons as sy kinders: **“Julle is my ligdraers.”**

Ons het nie ons eie lig nie. Soos ‘n lig wat by krag ingeprop moet wees om te brand, so moet ons in geloof by Jesus inprop wees. Dan skyn sy lig deur ons. Omdat ons verlos is deur Jesus Christus en die Heilige Gees in ons leef, is ons ligdraers.

**Hoe lyk die lewe van ons as ligdraers? Ons kyk na 6 kenmerke uit die gelese gedeelte:**
**1. Ons is altyd en oral gehoorsaam aan God.**
Paulus begin deur die gemeente op te roep: “Julle was altyd gehoorsaam toe ek by julle was, wees nou nog meer gehoorsaam terwyl ek weg is.”
Gehoorsaamheid aan God is nie iets wat ons net doen wanneer ander kyk of wanneer die dominee naby is nie. Ware geloof wys nie net in die kerkgebou tydens erediens nie.
Daar is nie iets soos ‘n flikkerlig Christen nie. Ek is dieselfde persoon by die huis as by die kerkgebou.
Ware geloof wys eerste in my huwelik en gesin. Ware geloof wys ook Maandag by die werk, by die skool, op die sportveld en Vrydag en Saterdag wanneer ons saamkuier.

Want gehoorsaamheid is nie ‘n koue plig nie, dit is ‘n liefdevolle verhouding met die Here. Ek kan nie enige verhouding met ‘n ander mens aan en afskakel soos dit my pas nie. Ek behoort dit nog minder met die Here te doen.

**2. Ligdraers is nie klakouse nie.**
Paulus sê nie: “Doen party dinge sonder kla nie”, hy sê: “Doen alles sonder kla of teëpraat.”
Waarom roep hy ons so ernstig op om nie te kla nie? Want kla verduister ons getuienis.
Die volk Israel het in die woestyn gedurig gekla oor water, kos, Moses en selfs oor God om maar ‘n paar goed te noem waaroor hulle gekla het. Hulle gekla het gewys dat dit vir hulle nog oor hulself en hul eie gemak gegaan het. Hulle vertrou en dien nie die Here onvoorwaardelik nie.
Kla is dikwels ’n teken van kleingeloof. Dit dui daarop dat die lewe nog om myself en my behoeftes draai en dat ons vergeet hoe groot en goed God is.
Vir ’n kind van die Here gaan dit nie oor hom- of haarself nie. Ons vra altyd eers: “Here, wat maak Ú gelukkig?” En dan gaan leef ons so. Ons is bereid om te dien soos Christus.

‘n Gedurige gekla en agteraf gepraat breek gemeentes en ons getuienis af. ’n Ligdraer is ‘n dankbare mens wat opbou, lig bring en getuig van genade.
Op die grafsteen van die man wat grootliks verantwoordelik was vir die vestiging van die Serengeti wildreservaat staan daar: “It is better to light a candle than to curse the darkness.” So leef ‘n ligdraer in wêreld.

**3. Ligdraers leef onberispelik te midde van ’n korrupte wêreld.**
Die woord “onberispelik” beteken dat ons anders leef as hulle wat nie die Here ken en dien nie. Mense kan nie vir ons vinger wys nie.
Ons dink anders, praat anders, bestuur anders, doen anders besigheid, hou op ander maniere partydjie en ons voorkeure en waardestelsel is anders. Ons het niks om weg te steek nie. Daarom leef ons oop en deursigtig soos Jesus Christus.

Wanneer mense rede soek om Daniël by die koning aan te kla, sê hul vir mekaar: “Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdiens.” (Daniël 6:6) Mag dit van my en jou lewens ook waar wees.

**4. Ligdraers dra die goeie nuus van Jesus Christus uit.**
Lig is nie bedoel om weggesteek te word nie. Dit hoort op ‘n lampstaander vanwaar dit lig gee vir almal in die huis. (Matteus 5:15)
Ek gee lig wanneer ander Jesus Christus, sy liefde en vrede, in my lewe sien. Ek gee ook lig wanneer ek ander van God se liefde vertel.

Dit is nie maklik om ligdraer te wees nie.
**5. Ligdraers se lewens word as drankoffers uitgegiet.**
Paulus gebruik hier ’n beeld uit die Ou Testament. ’n Drankoffer was wyn wat oor ’n offer uitgegiet is as teken van totale toewyding aan God.
Paulus sit in die tronk, sy lewe word as drankoffer tot op laaste druppel uitgegiet. Uit dankbaarheid gee hy tot die einde sy allerbeste vir die Allerhoogste.
Ten spyte daarvan dat ligdra ons lewens kos, is ligdraers bly mense.

**6. Ligdraers is bly mense.**
Christelike vreugde hang nie af van ons omstandighede nie. Paulus jubel in die tronk. Hoe kry hy dit reg? Want sy blydskap is in die Here. Hy weet dat hy aan die Here behoort. In Hom het sy, en my en jou lewe, sin en betekenis.

**Afsluiting**
Ligdraers is altyd en oral gehoorsaam; hul is nie klakouse nie; leef onberispelik; dra die goeie nuus van Jesus Christus uit. Hulle gee hul lewens as offer vir Christus en is bly mense.

Hoe kry ek dít reg? Ek kry dit nie reg nie. God se lig skyn deur my wanneer ek in geloof by Hom inprop. Dan werk Hy sy krag en lig in en deur my. Ons lees dit in Filippense 2:12b-13: “Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, [13]want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.
Amen